H.B.Th.

191. T. 6 (10)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No. ..........................

# NASIONALE ONDERWYSRAAD
# NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114, 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

(OPSOMMING)

## OOR DIE KARAKTER VAN ONS ONDERWYS

Rede deur

PROF. H.B. THOM,

VOORSITTER, NASIONALE ONDERWYSRAAD

(DIPLOMAPLEGTIGHEID, PRETORIASE ONDERWYSKOLLEGE,

PRETORIA, 25 NOVEMBER 1972, 9.30 VM.)

x) Christopher Jencks en 7 medewerkers: „Inequality: A Reassessment of the Effect of Family and Schooling in Am." Okt. 1972 (Projek van die Center for Educ. Pol. Research, Harvard Graduate School of Educ.)

I

Die onderwys is die vernaamste middel wat die Staat in sy hande het om die opvattinge, die karakter en die optrede van sy jongmense te beïnvloed. Daarmee beskik die Staat oor 'n magtige middel om die tydelike en geestelike welsyn van die landsinwoners te bevorder.

As hierdie middel met goeie vrug gebruik moet word, dan is dit noodsaaklik dat daar in die onderwys ernstig gelet sal word op dié aspekte daarvan wat uit die oogpunt van die jongmens, d.w.s. van hóm wat die onderwysproses moet ondergaan, die belangrikste is. Gesonde doelstellinge sal steeds in die oog gehou moet word; die metodes van die onderwys sal doeltreffend moet wees; sielkundige probleme sal met insig gehanteer moet word; die grondliggende filosofie van ons onderwyspraktyk sal wel-oorwoë en verantwoord moet wees.

Dit alles is groot en belangrike aspekte van ons onderwys. Ons kan die hoofpunte in ons metodiek, ons sielkunde en ons filosofie stel en

2/..............

onderskei. Maar terwyl ons onderskei, skei ons nie: ons skei die hoofsake nie van mekaar nie, ons maak die een nie los van die ander nie. En ons kan dit ook nie doen nie, want saam vorm hulle één groot, organiese eenheid. Ons respekteer hierdie eenheid, en ons bewaar dit, maar die plig rus ook op ons om ons rekenskap te gee van die onderdele. Immers, sonder gesonde onderdele kan ons nie 'n gesonde geheel hê nie; en die spreekwoord sê ook: 'n Ketting is so sterk soos sy swakste skakel.

Wat van die allergrootste belang is, en wat veral vandag op ons ernstige aandag aanspraak maak, is die karakter van ons onderwys. Ons dink hier nie soseer aan die groot doelstellings nie, die metodes en die sielkunde nie; ons dink aan die diepere aard, die gees van ons onderwys, die gesindheid waarin ons onderwys gee. X Die leermeester.

II

In hierdie verband merk ons 'n betekenisvolle punt op as ons na ons eie onlangse onderwyswetgewing kyk. Wet No.39 van 1967, soos gewysig deur Wet No.73 van 1969, lê o.a. neer dat die Minister van Nasionale Opvoeding, nadat hy met die Administrateurs en die Nasionale Onderwysraad oorleg gepleeg het, die algemene beleid kan bepaal wat ten aansien van die onderwys in ons skole gevolg moet word. En dit moet dan geskied binne die raamwerk van tien beginsels wat in die wet genoem word.

Die besonderhede hiervan laat ons daar, maar dit val ons op dat twee van hierdie beginsels met die karakter van ons onderwys te doen het, en dat die wet ook spesifiek na die karakter verwys. Die eerste beginsel lui „dat die onderwys in skole . . . . . 'n Christelike karakter moet hê"; en die tweede: „dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê". Nêrens in die ander beginsels kom die karakter van die onderwys spesifiek ter sprake nie.

3/................

Die bedoeling van die wetgewer is duidelik: daar moet geen twyfel oor wees dat die onderwys wat in ons skole gegee word, 'n Christelike en nasionale karakter sal dra nie. En dit is nou ook nie maar net 'n blote oppervlakkige vereiste of skielike besluit van die wetgewer nie. Die wetgewer is die Parlement, en die Parlementslede is, ooreenkomstig ons demokratiese stelsel, regstreeks of onregstreeks die verteenwoordigers van die stemgeregtigde publiek. Die Parlement tree op ooreenkomstig die mandaat wat hy van die kiesers ontvang.

As die Parlement dan in 'n wet neerlê dat ons onderwys Christelik en nasionaal sal wees, dan moet ons daarin lees dat hy ten volle oortuig is dat onderwys met hierdie karakter die ware belange van ons land en sy mense op die beste wyse sal dien. Ons moet daarin lees dat die Parlement eweneens oortuig is dat hy met hierdie optrede getrou bly aan die mandaat wat hy van die stemgeregtigdes ontvang het.

Laat ons goed begryp: Vir Suid-Afrika was dit 'n geskiedkundige, gelukkige dag toe daar in 'n landswet vasgelê is dat sy onderwys 'n Christelike en nasionale karakter sal dra. In 'n tyd van ongekende onverskilligheid, nivellering en permissiwiteit, 'n tyd waarin die vaste ankers van 'n gesonde volkslewe op roekelose wyse losgeruk word, in so 'n tyd is dit goed om te weet dat ons, in die wetmatige basis van ons onderwys, 'n verhewe beskerming vir die karakter daarvan ingebou het.

## III

Ons moet egter versigtig wees om nie te meen dat, net omdat iets in 'n wet staan, alles reeds reg is nie. Dit kan ons ook van die genoemde wetsbepalings sê. Die feit dat daar gestel was dat ons onderwys Christelik en nasionaal van karakter moet wees, het nog nie beteken dat dit nou eensklaps só was nie.

4/...............

Daar moes eers aan sekere vereistes voldoen word, voordat dit só sou wees. Ons het reeds gesien dat die Minister eers met die Administrateurs en die Nasionale Onderwysraad oorleg moes pleeg. As hy dit gedoen het, kon hy nader omskryf wat presies onder Christelike en breë nasionale karakter verstaan moes word. En as hy sover gekom het, kon hy in die Staatskoerant hierdie omskrywings aankondig, en dan ook 'n datum bepaal van wanneer af die betrokke wetsbepalings geldig sou wees. Dit was moeilike stappe, veral in 'n land soos Suid-Afrika waar ons verskillende bevolkingsgroepe en uiteenlopende opvattings oor die onderwys het, en die stappe sou uit die aard van die saak ook tyd in beslag neem.

Die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. Van der Spuy, het die saak egter baie ernstig opgeneem en besluit om die nodige stappe te doen. Hy het die Nasionale Onderwysraad geraadpleeg, wat deeglik op die saak ingegaan het en, na rype beraad en indringende bespreking, by wyse van advies vir hom geformuleer het wat onder die Christelike en nasionale karakter van ons onderwys verstaan moet word. Die Minister het ook met die Administrateurs onderhandel en aldus die sienswyses van die Provinsies, met name die Provinsiale Departemente van Onderwys, ingewin.

Die uitkoms was dat die Minister in die Staatskoerant van 12 November 1971 'n omvattende beleidsbepaling kon aankondig, waarin o.a. oor die Christelike en nasionale karakter van ons onderwys uitsluitsel gegee is. Hy het daarby aangekondig dat hierdie beleidsbepaling met ingang 1 Januarie 1972 van toepassing sou wees.

Hiermee is weer eens groot en geskiedkundige vordering gemaak. By niemand kon daar nou meer enige twyfel bestaan oor die beskouing wat die owerheid aangaande die karakter van ons onderwys huldig en die vereistes wat hy vir ons mense stel nie. Vir alle regskape Suid-Afrikaners, of hulle Afrikaanssprekend of Engelssprekend is, was dit vordering wat hulle van harte toegejuig het. Wat die owerheid betref, was die saak nou in orde: die

teorie van die wet was in die praktyk omgesit, en verantwoordelike mense het gevoel dat ons onderwys op 'n peil geplaas is waar hulle volle vertroue daarin kon hê.

IV

Die groot vraag voor ons is egter vandag nog: Dra ons onderwys in werklikheid wel die karakter wat die wet voorskryf? Oor die verloop van sake soos dit aangestip is, kan ons wel opreg dankbaar wees, maar is ons onderwys werklik Christelik, en ook werklik nasionaal van karakter? Of voldoen dit nie aan die vereistes wat die wet stel nie? Die bestaan van goeie wette, en selfs voorsiening vir die uitvoering daarvan, is immers nog geen waarborg dat die gees en gesindheid van mense in ooreenstemming met daardie wette sal wees nie.

As 'n wet werklik doeltreffend moet wees, moet dit afgedwing word. En wie sal - of wie kan - nou die wet in verband met die karakter van ons onderwys afdwing? Kan die Minister dit doen? Kan die Direkteur van Onderwys, of die inspekteur of die skoolhoof dit afdwing?

'n Mens besef dadelik dat nie een van hierdie gesaghebbers die wet kan afdwing nie. As die wet oortree word, kan daar wel klagte by die polisie ingedien word; die saak kan deur die hof ondersoek word; en indien 'n aanklag gegrond bevind word, kan die skuldige gestraf word. Dit is die gewone wyse waarop in die geval van wetsoortreding opgetree word.

Maar as ons met die gees en gesindheid, die karakter van ons onderwys te doen het, sal ons dit op die duur moeilik met die gewone regsprosedure kan reg hou. Die regsprosedure sal met bepaalde, indiwiduele gevalle van wetsoortreding kan handel - en seker baie doeltreffend ook - maar dit sal seer seker nie vir ons 'n Christelike en nasionale onderwys kan waarborg nie.

As dan, ondanks die wet en wetsuitvoering, en ondanks die gesag van die Minister, die Direkteur van Onderwys, die inspekteur en die skoolhoof, en selfs ondanks die gewone regsoptrede, die karakter van ons onderwys nie gewaarborg kan word nie, hoe sal ons ooit kan verseker dat ons onderwys sal kry soos ons dit verlang en soos die wet neerlê?

Uiteindelik hang alles af - en laat daar hieroor geen twyfel wees nie - van wat daar binne die vier mure van die klaskamer gebeur, en van die onderwys wat deur die onderwyser daar gegee word. As die onderwyser hom terdeë bewus bly van die vereistes van die wet, en as wat die wet neerlê ook sy diepe begeerte is, en as hy met geesdrif en oortuiging uitvoering daaraan gee, dan is die Christelike en nasionale karakter van ons onderwys verseker. Dan word die wet afgedwing, nie deur uitwendige dwang en geweld nie, maar deur die diepe behoefte en oortuiging van die onderwyser self. Dan sal ons onderwys 'n duidelike, vanselfsprekende karakter dra, en dan sal die gewone regsoptrede net daar wees om met die uitsondering, die indiwiduele wetsoortreder, af te reken.

V

Ek kom by ons studente wat vandag hier by hierdie plegtigheid van die Pretoriase Onderwyskollege hulle diplomas ontvang, hulle wat na dese sal uitgaan en gaan onderwys gee.

Die inrigting waar hulle opgelei is, is 'n baie bekende onderwysinrigting. Dis 'n inrigting wat daarvoor bekend staan dat hy alreeds tal van hoogstaande onderwysmanne en -vroue vir ons land, insonderheid vir Transvaal, gelewer het. Dis 'n inrigting met 'n trotse rekord. En tereg ook. Want ons weet dat werk van 'n hoë gehalte hier gedoen word; en ons weet bowenal dat die gees en karakter van die onderwysopleiding wat hier verskaf word, gesond en reg is.

Ons studente moet besef dat hulle 'n voorreg geniet het om aan die Pretoriase Onderwyskollege te studeer. Ons weet dat, as dit net van hulle opleiding afgehang het, daar niks sal skort met die karakter van hulle toekomstige onderwyswerk nie. Ons weet dat hulle ook nie 'n landswet sal nodig hê om te verseker dat hulle onderwys die gewenste karakter sal dra nie.

My beroep op ons gediplomeerdes is dan dat hulle sal uitgaan, en, oortuig en vreesloos, hulle taak sal uitvoer om onderwys te gee wat in alles en altyd eg Christelik en eg nasionaal sal wees. Hiermee bedoel ek nie dat hulle heeldag Sondagskoolonderwysers moet wees nie. Die Sondagskool, met sy verhewe taak, het sy erkende plek in ons samelewing, en ons vertrou van harte dat dit ook altyd só sal bly. Maar ek bedoel dat ons jong onderwysers, dwarsdeur hulle dagtaak, soos ware Christenmense sal optree en dat hulle, vir die jongmense wat aan hulle toevertrou is, besielende Christenvoorbeelde in 'n Christenland sal wees.

Ek bedoel ook nie dat ons gediplomeerdes heeldag kultuurdagredenaars moet wees nie. Ons kultuurdae en ons volksfeeste het hulle plek in ons samelewing, en ons vertrou van harte dat ook hieraan geen afbreuk gedoen sal word nie. Maar ek bedoel dat ons jong onderwysers, in hulle hele onderwystaak, hulle bewus sal bly daarvan dat hulle in die Republiek van Suid-Afrika hulle godgegewe tuiste het, en dat hulle teenoor die Republiek van Suid-Afrika 'n besondere verantwoordelikheid dra.

Dit is per slot van rekening die betekenis en draagkrag van die wetsvereistes in verband met die karakter ~~vir~~ van ons onderwys waarna ek verwys het. Dit is die plig van ons almal om te waak oor die karakter van ons onderwys, maar dit is tog insonderheid die plig van die onderwysberoep om dit te doen, daarbinne weer veral die plig van die jong onderwyser, wat op sy loopbaan begin en die fondamente moet lê waarop hy later gaan voortbou.

x) Materialisme – Lovejoy: Educ. pays!

Laat ons vir ons vandag geen illusies maak nie. Dit het al laat in die dag geword; ons veg 'n voortdurende, verbete, geestelike stryd om dié waardes te behou wat nog altyd vir die Afrikaner swaar geweeg het. En ons weet dat hierdie stryd in die toekoms nog swaarder gaan word.

Maar ek is nie bevrees en nie kleinmoedig nie; ek vestig my hoop ~~ook~~ op groot dinge wat vir ons nog altyd krag gegee het. Ek vestig my hoop in hoë mate op die onderwys, en op die jongmense wat dit tot hulle beroep gekies het. Dat hulle sal weet: "Two educ's" (James Truslow Adams).

Ons reken op hierdie jongmense; mag hulle onbeweeglik vas bly staan, nou en in al die jare wat vir hulle voorlê.

* * * * * * *

(Gelukwense:

Rektor (prof. G.J. du Toit) en personeel van Pretoriase Onderwyskollege.

Ouers van studente.

Studente wat diploma's ontvang.

Beste wense.)